18 Februarie 2010

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR BERTUS DE JONGH,
HOOFUITVOERENDE BEAMPTE VAN DIE MELKPRODUSENTE-ORGANISASIE

Koop Suid-Afrikaans, vra MPO

Die Melkprodusente-organisasie (MPO) het ’n beroep op verbruikers gedoen om seker te maak dat hulle Suid-Afrikaans geproduseerde suiwelprodukte koop want sodoende dra hulle by tot die Suid-Afrikaanse ekonomie en hou hulle werksgeleenthede in die suiwelbedryf in stand. Die suiwelbedryf verskaf werk aan meer as 60 000 mense.

“Tradisioneel word suiwelprodukte gedurende die winter ingevoer. Die MPO verwag dat heelwat ingevoerde suiwelprodukte hierdie winter weer hulle verskyning in supermarkte gaan maak,” sê Bertus de Jongh, hoofuitvoerende beampte van die MPO.

Volgens De Jongh voldoen ingevoerde produkte nie noodwendig aan Suid-Afrikaanse standaarde nie. “’n Groot persentasie van monsters wat deur die MPO se invoermoniteringsdiens, Agri Inspec, van ingevoerde suiwelprodukte geneem word, toon dat die produkte nie van dieselfde gehalte is as plaaslike produkte nie.”

“Suid-Afrika is geseën met bekostigbare en volop hoë gehalte suiwelprodukte. Die MPO raai verbruikers aan om bekende Suid-Afrikaanse handelsmerke te koop wat aan Suid-Afrikaanse wetlike vereistes voldoen,” sê De Jongh.

Vir meer inligting, kontak Bertus de Jongh by 012 843 5600 of 082 552 0594 of e-pos bertus.dejongh@mpo.co.za

Einde